

22 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 19 en 20 (OAV)
Fokusgedeelte: Eksodus 19:1-8

Die verbond met God – 'n koninkryk vol priesters

God het telkens vir Israel soos 'n arend opgevang en met sy vlerke gedra. Hy alleen het hulle in vryheid en lewe herstel. Hierdie verlossingsdaad was net die voorskou van die volkome verlossing in Jesus Christus aan die kruis op Golgota. Wat 'n groot genade!

Die Here beloof aan Israel dat hulle vir Hom privaateiendom sal wees. Deur die volle prys wat Christus aan die kruis betaal het, weet ons dat ons sy duurgekoopte eiendom is. Wat dit beteken word duidelik daarin dat die burgers van hierdie koninkryk alma priesters sal wees.

Die priesterdiens bestaan daarin om 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer te wees, wat in opregtheid voor Hom wandel. Dit raak ons hele lewensbestaan, daarin lê ons hoogste bestemming, ons skoonste rykdom en vreugde. "Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit duisternis geroep het tot sy wonderbare lig ..." (1 Pet 2:9-10).

In Jesus Christus, die Middelaar van nuwe verbond, kan ons God se koninklike majesteit asook sy priesterlike bewoënheid leer ken. In die geloof het ons deel aan Hom en deel ons in die voorreg, Ons deel ook in die verantwoordelikheid om met oorgawe as dankbare priesters te lewe. Is jy 'n dankbare priester in God se koninkryk?

Sing: Skrifberyming 8:2

Ds. SA Cilliers (Waterberg)